UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kantoor van die Visekanselier en Rektor

31 Oktober 2016

Geagte Skoolhoof

Weens die studenteprotes op universiteitskampusse landwyd, neem die Universiteit van Pretoria kennis dat onderwysers, ouers en voogde bekommerd is oor leerders wat voorwaardelik toegelaat is tot studie vir 2017 aan die Universiteit.

Ons wil u graag verseker dat die Universiteit daartoe verbind is om die huidige akademiese jaar te voltooi en dat alles moontlik gedoen word om toe te sien dat studente hulle finale assessering en eksamen vir die 2016-akademiese jaar afhandel.

Registrasie van nuwe studente in 2017

Die Universiteit van Pretoria sien daarna uit om ons nuwe eerstejaars in 2017 te verwelkom. Verwelkomingsdag vir eerstejaarstudente vind op Saterdag 28 Januarie 2017 plaas, waarna die oriënteringsweek (program van registrasie en begin van die akademiese jaar) vanaf Maandag 30 Januarie tot Donderdag 2 Februarie 2017 sal volg. Meer inligting sal aan die einde van Desember 2016 op die Universiteit se webtuiste by www.up.ac.za beskikbaar gestel word.

Fly@UP

Die Universiteit van Pretoria se nuwe inisiatief, Fly@UP ('Die eindstreep is joune') moedig studente aan om by te hou met hulle akademiese programme en om in die kortste moontlike tyd te gradueer. Hierdie sal ook die fokus wees vir leerders wat in 2017 aan UP registreer. Die Universiteit sal bykomende ondersteuning verleen sodat studente in die minimum tyd hulle studies kan voltooi. *Vir meer inligting oor hierdie inisiatief, gaan na www.up.ac.za/FLY@UP.*

Aansoeke om NSFAS- en UP-finansiële hulp

Alle studente wat vir NSFAS-befondsing oorweeg wil word, moet aansoek deur middel van die sentrale NSFAS-elektroniese webwerf by www.nsfas.org.za doen. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November 2016. Leerders wat in Universiteit van Pretoria se beurse en lenings belangstel, moet deur middel van die studenteportaal of by www.up.ac.za onder die opskrif Fooie en Befondsing aansoek doen. Die sluitingsdatum is 30 November 2016.

Die Universiteit van Pretoria is daartoe verbind om te verseker dat kwalifiserende leerders in staat sal wees om te registreer en in 2017 met hulle studies voort te gaan. Onderwysers, ouers en voogde moet asseblief die Universiteit van Pretoria se webwerf by www.up.ac.za besoek om deurlopend ingelig te word.

Vriendelike groete

C. de la Rey

Prof Cheryl de la Rey
Visekanselier en Rektor

Visekanselier en Rektor
Universiteit van Pretoria
PRETORIA 0002
Suid-Afrika

Tel: +27 (0)12 420 2900
Fax: +27 (0)12 420 4530

rektor@up.ac.za
www.up.ac.za